**REDAKSIONEEL**

## IN DIE SKRIFLIG

MET hierdie uitgawe vier die GTV die tiende verjaarsdag van *In die Skriflig.* Agter ons lê reeds 'n dekade waarin daar aan die Gereformeerde teologie op 'n eie beskeie wyse gebou kon word. Die idealisme van persone soos dr. K. S. van Wyk de Vries, prof. S. du Toit en andere wat aangedring het op 'n landswye GTV met plaaslike takke en 'n eie blad waarin die neerslag van teologiese arbeid kan sirkuleer, het kwartaallikse werklikheid geword. Die Here het hierdie onderneming geseën en aan Hom kom die dank toe.

Tog vind ons nie die volle werklikheid in bostaande erkenning en dankbetuiging terug nie. Daar moet steeds gesamentlik gewerk word om so 'n onderneming te laat lewe — laat staan nog groei! Dit gebeur ook en gee moed en versterk die geloof in die toekoms van die GTV en *In die Skriflig.* Slegs medewerkers maak met gereelde bydraes, boekbesprekings, referate, diskussie en gedagtewisseling 'n publikasie moontlik.

*In hierdie stadium ondervind die redaksie egter reeds 'n drastiese tekort aan kopie vir die uitgawes van 1976.*

Dit is 'n onbegonne taak om oral rond te val en artikels te probeer werf. Nagraadse studente, inleiers voor GTV-byeenkomste, predikante en professore wat iewers toesprake of referate lewer, moet asseblief inisiatief neem en artikels aanstuur.

*Ons blad vertoon ook bepaalde tekortkominge.*

Tot dusver het artikels weinig diskussie uitgelok. In 'n hooguitsonderlike geval het iemand 'n bepaalde probleem gestel en om gedagtewisseling daaroor gevra. Boekresensente laat die redaksie soms lank wag en nog wag! Bepaalde skemas soos 'n beoogde kwartaallikse oorsig van artikels in ander teologiese tydskrifte om onderlinge kommunikasie te stimuleer, kon nog nie van die grond kom nie. Dergelike probleme veroorsaak moontlik weer dat meermale dieselfde skrywers moet inspring om stof te lewer en daardeur kan die blad ongelukkig die indruk van 'n bepaalde „streeks"- of partikuliere voorkoms wek. Indien die gedagte onder ons sou posvat dat *In die Skriflig* nie „ons" blad maar „hulle" syne is, kan ons Ikabod daaroor skrywe.

*Kan ons dit bekostig om teen die tekortkominge vas te kyk?* Gelukkig is die antwoord hierop vrywel algemeen: NEE! Ons blad ontvang mooi ondersteuning en blyke van waardering deur middel van donasies uit talle Gereformeerde Kerke. Die Kuratorium in Potchefstroom skenk 'n donasie van R100 per jaar. Die meeste predikante is intekenaars en stel lewendig belang in die G.T.V. werksaamhede.

Laat ons vorentoe kyk en die tweede dekade met dieselfde geloof as tien jaar gelede ingaan!

Laat elke leser hierdie beskeie poging aanhelp deur ons blad te lees en suggesties, gedagtes, opinies en artikels aan te stuur! Gebruik die boekbesprekings vir u boekbestellings!

## GTV Jaarvergadering

Gewoonlik vergader die GTV in Junie. Die hoofbestuur oorweeg tans die moontlikheid om die vergadering nader aan die GES-datum te laat plaasvind. Dit bied die moontlikheid om een of ander gasspreker van oorsee te laat optree.

As voorlopige tema het die bestuur voorgestel: *Gereformeerd-wees in Suid-Afrika vandag.* Moontlike referate wat rondom hierdie tema gehou kan word, is soos volg geformuleer: (1) Neo-marxistiese teologie en ons roeping vandag; (2) Neo-marxisme in die prediking en ons prediking vandag; (3) Neo-marxisme in die kerklike lewe en gereformeerd-wees vandag.

Die vorige vergadering is in Pretoria aangebied. Met die oog op 'n sentrale plek word aan 'n byeenkoms op die Rand gedink. Besonderhede sal D.V. later bekend gemaak word.

Volgens die Reglement is die termyn van die huidige hoofbestuur op hierdie byeenkoms verstreke en moet 'n nuwe vir die volgende drie jaar aangewys word.

## Gelukwensings

Die Kieskollege het ondertussen dr. G. P. L. van der Linde van Bloemfontein tot professor in Kerkgeskiedenis en Kerkreg en dr. J. J. van der Walt van Burgersdorp tot professor in die diakonologiese vakke aan die Teologiese Skool in Potchefstroom beroep. Langs hierdie weg betuig ons ons hartlike seënwense aan hulle en vertrou dat *In die Skriflig* en die GTV ook mag deel in die vrugte van hulle nuwe arbeid.

## In hierdie uitgawe

Naas die aktuele artikels van dr. J. H. van Wyk en prof. P. W. Buys, trek die aandag in hierdie uitgawe veral op die sogenaamde „ampsleer" saam. Weliswaar het ook ander artikels in vorige uitgawes van *In die Skriflig* oor hierdie vraagstukke verskyn en dra sommige artikels in hierdie uitgawe 'n eie of selfs populêre karakter. In *Woord en Daad* het onlangs ook weer artikels en diskussie oor die vrou in die amp aandag geniet. In die lig van die aksies oor „bevryding" van die vrou uit die sexisme neem ons 'n artikel van prof. W. H. Velema met 'n verwysing na 'n belangrike publikasie oor.

Elkeen kan aanvoel dat daar in die twintigste eeu 'n radikale verwarring los is oor christen-wees en diens in die gemeente wat elementêr in die oudste kerk was. Hiertoe dra die terugval van die christen- en gemeente-wees op die kort front van gestruktureerde en geïnstitueerde *kerk-wees* seker grootliks by. Die huidige christendom val uit die wêreld terug (behalwe dié wat op neo-marxistiese model 'n bondgenootskap met die wêreld sluit) en raak beleër in die nou skanse van die geïnstitueerde kerk. Dit bring nuwe probleme na vore in 'n eeu waarin die aandag op die strukturele en veranderinge saamtrek.

Die eietydse problematiek in Gereformeerde en ander kerke

in Suid-Afrika en in die wêreld trek daarom ook onder andere saam op die vraag: wie „beklee" die amp? wie het „reg" op die amp? Daardeur kom 'n bepaalde pool in die ampsleer onder die soeklig — die sogenaamde „ampsdraer" wat skynbaar en fenomenologies vandag nog die enigste werkende en aktiewe lid in die moderne kerk-wees skyn te wees.

Die gevaar is wesenlik (veral in Europese problematiek) dat soveel gemaak word van vrae rondom die mens en ampstrukture dat die wesenlike van die *bediening van Christus* in die gemeente selfs vergeet word. Dit wat verrig word (diens), bly immers oneindig belangriker as die vraag wie dit doen. In die moderne problematiek trek al die aandag egter op hierdie *wie* dit doen saam.

Die bediening as gawe van God is 'n wyse waarop Christus teenwoordig is en verteenwoordig word in die gemeente. Nie die dienaar nie, maar die bediening het te doen met die reële teenwoordigheid van Christus. Dit is hoegenaamd geen *plaasvervanging* van Christus deur òf die bedienaar òf die bediening nie. Laat ons vashou dat Hy self in sy gemeente werk (nie deur die „amp" of die „ampsdraer", kerkraad of sinode nie) maar deur sy Woord en Gees.

B.S.